BYBELSTUDIE OPENBARING LES 7: HOOFSTUK 2:8-11.

Van die sewe stede is Smirna een van die min wat nog bestaan [vandag is dit die stad Ismir]. Trouens, die helfte van die huidige inwoners is bekeerd as belydende Christene van die Oosters-Ortodokse Kerk. Dit is ’n baie ou stad met ’n ryk geskiedenis wat al ’n duisend jaar voor Christus deur die Grieke ontwikkel is. Nadat dit verwoes is, is dit in 300 voor Christus herbou tot ’n besondere kultuurstad met ’n groot teater, stadion en biblioteek. Dit was dus ’n groot en mooi stad met ’n hawe wat baie verkeer uit die Ooste gedra het.
Smirna het ’n bevolking van ongeveer 100 000 inwoners gehad. Daarby was daar ’n sterk godsdienstige lewe in Smirna. Ons weet nie wanneer hierdie gemeente ontstaan het nie. Dit is moontlik dat die evangelie in Smirna verkondig is in die paar jaar toe Paulus in Efese gebly het. So skryf Lukas in Handelinge 19:10 dat al die inwoners van die groot provinsie Asië in daardie dae die evangelie gehoor het.
Keiseraanbidding is aanvanklik nie afgedwing nie, maar het spontaan ontwikkel. ’n Offerande aan die keiser het aan elke lojale onderdaan ’n sertifikaat besorg. Dit was sy paspoort tot sukses in die alledaagse lewe. Die Christene het uiteraard geweier om offers aan die keiser te bring en te verklaar dat hy kurios [Here] is. Hulle het net een Here geken, die opgestane Jesus Christus. Die gevolg was onvermydelik verontregting teen die Christene in die samelewing. Hulle is vervolg en op elke moontlike manier ondermyn [vgl. 2:9-10].
Nog ’n probleem waarmee die Christene in Smirna te doen gehad het, was die groot en sterk Joodse gemeenskap. Dit was die Jode wat die Romeinse owerheid telkens teen die Christene opgesweep het.

OPENBARING 2:8-11 [SMIRNA].

1. LEES: Vers 8-11.
   Ook die brief aan Smirna is volgens ’n bepaalde patroon geskryf naamlik:
   Die adres
   Die selfbenoeming van die Here
   Dit wat die Here vir die gemeente sê
   Die vermaning om te luister.
   Lees die brief aan Smirna en voltooi bostaande patroon.

2. LEES: Openbaring 1;17; 2:8b; Jesaja 44:6; 48:12.
   Smirna het die bynaam “DIE EERSTE IN ASIË” gedra. In hierdie stad leef ’n vervolgde gemeente. En hoe stel Christus Homself voor? As die Eerste en die Laaste.
   - Wat sê die Here hiermee vir die inwoners van Smirna?
   - En vir die vervolgde gemeente?

3. LEES: Vers 9.
   Wat ken en weet die verheerlikte Christus van die gemeente in Smirna?

4. LEES: Vers 9a; Hebreërs 10:34; Jakobus 2:5.
   Die vervolging en belastering deur die Jode het daartoe gelei dat die Christene verarm het. Indien dit waar is dat hulle arm is, wat beteken dit dat die Here vir hulle sê: “en tog is julle ryk”?

5. LEES: Vers 9; Johannes 8:33,44; Romeine 2:28-29.
   Wie behoort volgens Johannes tot die sinagoge van die Satan?

6. LEES: Vers 10; Daniel 1;12-15; Matteus 24:22.
   Alhoewel die Christene in Smirna deur die Romeinse owerheid vervolg is, was dit in die eerste plek eintlik die duiwel self wat aan die werk was. Van die Christene sal in die tronk beland en hulle sal 10 dae lank baie swaar kry. Waarop dui die tronk en die 10 dae? Moet ons dit letterlik verstaan?

7. LEES: Vers 10; Johannes 3:36; 2 Timoteus 4:7-8.
   In die laaste gedeelte van vers 10 kry ons een van die mooiste bemoedigings in die Woord van God: Bly getrou tot die dood toe en Ek sal julle die lewe as kroon gee.
   - Wat beteken dit om getrou te bly aan die Here?
   - En om die lewe as kroon te ontvang?

8. Vir elkeen wat bely dat Jesus Christus die Here is, wag verdrukking en vervolging op een of ander wyse. Deesdae vind dit so verfynd plaas, dat ons amper nie daarvan bewus is nie. Laat u gedagtes gaan en skryf van die vervolgings en verdrukkings neer wat die Kerk van die Here vandag ervaar.

ANTWOORD.

1. Die Adres:
   Aan die gemeente in Smirna [8a].
   Die selfbenaming van die Here:
   Hy is die Eerste en die Laaste.
   Hy was dood en het weer lewend geword [8b].
   Dit wat die Here vir die gemeente sê:
   Hy ken hulle verdrukking en armoede al is hulle geestelik ryk [9a].
   Hy weet ook van die kwaadstokery van die Jode teen hulle [9b].
   Hulle gaan nog meer ly [10a].
   Die duiwel gaan hulle in die tronk laat gooi [10b].
   Hulle gaan 10 dae lank swaarkry [10b].
   Die vermaning om te luister:
   Bly getrou tot die dood toe [10c].
   Luister na wat die Gees vir die gemeente sê [11a].
   Wie oorwin, sal nie deur die tweede dood getref word nie [11b].
2. In Openbaring 1:8 word God die Alfa en die Omega genoem en in Jesaja die Eerste en die Laaste. In 2:8 noem Christus Homself die Eerste en die Laaste. Dit beteken dat God en Christus in beheer van alles en almal is en daarmee saam ook alles en almal omsluit. Vir Smirna beteken dit dat alleen Christus die Eerste kan wees. Ook die dwalende, skatryk inwoners van die stad is op Christus aangewese.
   Vir die vervolgde gemeente beteken dit dat Christus hulle in sy hand hou.
3. Hy ken hulle verdrukking [swaarkry] en armoede en Hy weet van die kwaadstokery [beskuldigings] teen hulle.
4. Die Griekse woord vir armoede in vers 9 beteken letterlik dat die Christene geheel en al niks besit nie. Hulle was egter nie arm omdat hulle sukkelaars was nie, maar juis omdat die Jode hulle lewe met kwaadstokery en geskinder by die owerheid versuur het. Daarom moet die armoede letterlik verstaan word.
   Wanneer Christus sê hulle is ryk, bedoel Hy dit figuurlik. Ten spyte van hulle armoede “besit” die Christene in Smirna geestelike rykdom. By Laodisea is dit net die teenoorgestelde. Die gemeente is ekonomies ryk maar geestelik arm [vgl. 3:17].
5. Johannes verwys hier na die Jode wat die Christene se lewe versuur het. Hulle aanspraak dat hulle die volk van God is, is vals want eintlik is hulle instrument in die hand van Satan teen die ware volk van God – dit is die Christene.

In vers 9 gebruik Johannes beeldspraak wanneer hy praat van die sinagoge van die Satan. Daarmee bedoel hy: die Jode gee voor om ’n sinagoge van God te wees maar eintlik is hulle ’n sinagoge van die Satan.

6. Sommige Christene is letterlik in die tronk gegooi, maar in vers 10 het ons weer met beeldspraak te doen. Die bedoeling is dat die Christene ingeperk en aan bande gelê gaan word. Hulle sal soos in ’n tronk in spanning op die voltrekking van die doodsvonnis wag – tensy hulle bely dat die keiser die Here is.
   Die tien dae van baie toetsing en swaarkry, dui op ’n simbolies afgeronde tydperk. Vir die gemeente van Smirna en vir die kerk van Christus van alle tye, wag daar ’n krisisvolle tydperk van toetsing.
7. Getrouheid veronderstel dat die gelowige vashou aan wat Jesus Christus deur sy dood en opstanding verwerf het. Dit is om vas te hou aan die versekering dat Hy ook vir mý die volle prys betaal het.
   Die woord wat vir kroon gebruik word, is nie ’n koningskroon [diadema] nie maar ’n oorwinningskroon [Stefano]. Smirna was bekend vir sy sportdeelname. Daarom was die beeld waarna hier verwys word vir hulle ’n bekende en besielende beeld. Nou kan die gelowige sê: ek het die oorwinnaarskroon – die lewe by God. Volgens Openbaring 2:10 verkry die Christene nou reeds die lewe as kroon. Wie in die Seun glo, hét die ewige lewe [Joh.3;36].
8. Eie antwoord.

****